



ecsponuus

Sterk groei in die nuwe jaar

Die nuwe jaar hou goeie vooruitsigte in vir Ecsponent. Ons het nie net aan die einde verlede jaar 'n goeie verhoging in die wins verdienste per aandeel aangekondig nie maar die groep se filiale het ook toegeneem. Hierdie deurlopende groei sal ons markkapitalisasie (wat die waarde van die maatskappy bepaal) aansienlik oor die volgende paar jaar versterk en beleggers bevoordeel.

Die Groep is daarop ingestel om in privaat aandeelbeleggings te belê wat hoë bruto wins lewer. Die beleggings moet verkieslik beskik oor kwaliteit intellektuele eiendom waar mededingende toetreding moeilik is en wat ook buite Suid-Afrika se grense bedryf kan word.

Dit is juis waarom Ecsponent onlangs begin onderhandel het om die meerderheidsbelang in Return on Innovation (ROI) te bekom. Dit is 'n tegnologie-gedrewe media moniteringsbesigheid wat media monitor, tendense vroegtydig bespeur en leiding gee om handelsmerke te bestuur.

Die kern van die ROI moniteringstelsel is gebaseer op ultra-hoë spoed digitalisering van die multimedia deur algoritmes en sleutelwoorde. Dit sluit die internasionale media in, wat kliënte in staat stel om tydige en toepaslike geleenthede en bedreigings te reageer.

Verdere beleggings sluit in die aankoop van 'n meerderheidsbelang

in Clade Investment Management (Clade) in. Clade is 'n innoverende batebestuurder in Suid-Afrika met 'n kategorie 2 en 2A beleggingslisensie van die Raad op Finansiële Dienste en sal 'n omvattende reeks alternatiewe beleggings aan nasionale en internasionale beleggers bied.

Clade het 'n mandaat ontvang om fondse van R500 miljoen te bestuur. Besprekings om toegang tot 'n netwerk van meer as 'n honderd finansiële adviseurs te verkry om die produkte aan kleinhandel- en institusionele 'n kliënte te bemark, is ook aan die gang.

In 2016 wil ons die verhouding met u, ons beleggers verstewig. Saam strew ons daarna om u beleggingsdoelwitte te bereik en finansiële sukses vir 2016 te verseker!

Groete,
Euné



Euné Engelbrecht – Hoof Uitvoerende Beampste

Wat lê vir ons voor in 2016?

Gaan 2016 'n "verlore jaar" vir Suid-Afrika op die ekonomiese front wees? Is ons land op die punt om nes Brasilië ook 'n kredietgradering van rommelstatus te kry, of is daar nog hoop vir ons ekonomie?

Die wêreld ekonomie staan in 2016 drie uitdagings in die gesig;

- vertraagde groei in China;
- laer kommoditeitspryse; en

- die verhoging van rentekoerse deur die Federale Reserwebank van Amerika.

Suid-Afrika word saam met Turkye en Brasilië beskou as die drie ontwikkelende lande wat die meeste blootgestel is aan 'n sterker dollar en swakker internasionale ekonomiese groei.

Suid Afrikaanse Kredietgradering

Internasionale kredietgradering behoort groot uitdagings in te

hou. Ontleders voorspel dat Suid-Afrika se kredietgradering verder in 2016 afgeskaal sal word, wat ons ekonomiese status sal beïnvloed en internasionale lenings heelwat duurder sal maak.

Die graderingsagentskap Moody's het onlangs hul kredietgradering-vooruitsig vir Suid-Afrika van stabiel tot negatief verlaag en meen dat ekonomiese groei in ons land vir 'n geruime tyd laag sal bly. Fitch het hul gradering van Suid-Afrika tot die laagste beleggingsgraad BBB- verlaag, terwyl S&P hul gradering van stabiel tot negatief verlaag het.

Die afgraderings is hoofsaaklik te wyte aan die stadige groei van die bruto binnelandse produk, om nie eens te praat van die onsekerheid oor ons Minister van Finansies aan die einde van 2015 nie. Dit maak ons kwesbaar vir kapitaaluitvloei, wat die waarde van die rand sal laat verswak, asook 'n stygende begroting en lopende rekeningtekorte. Al drie agentskappe staan gereed om ons gradering verder te verlaag indien ons ekonomiese groei swak bly en die sake- en beleggingsklimaat in ons land verder verswak.

Die Internasionale Monetêre Fonds (IMF) het ook hul groeivooruitsigte vir Suid-Afrika verlaag en verwag dat ons ekonomie vanjaar met slegs 1,3% sal groei, vergeleke met 1,4% verlede jaar.

Die ekonomie is verder verswak deur swakker as verwagte groei weens die nadelige uitwerking van die vyf-maande lange staking in die platinumsektor, arbeidsonrus en dalende plaaslike en internasionale aanvraag.

Hoe affekteer dit ons?

Die IMF raai aan dat Suid-Afrika daarop moet fokus om bottelnekke in die infrastruktuur van die energiesektor te verwyder, sowel as hervorming in onderwys, arbeid en markte. Die IMF verwag dat ons meer mededingend en produktief moet wees asook om beter dienslewering verseker.

Dit is nog te vroeg vir die regering se strukturele hervormingsplanne om vrugte af te werp en sodoende groei te stimuleer, veral inaggenome al die internasionale probleme wat Suid-Afrika in die gesig staar.

Die ekonomiese produsente - veral mynbou en vervaardiging - bly steeds onder druk, terwyl die groeikoers in die private

beleggingssektor weens swak sakevertroue afneem. Hoe langer die situasie voortduur, hoe meer sal dit werkloosheid affekteer. Dit terwyl verdere werkverliese in die landbou-, mynbou- en vervaardigingssektore reeds verwag word.

Rentekoerse

Ontleders verwag verder dat die Reserwebank se inflasieteiken van tussen 3% to 6% in die loop van die jaar twee keer oorskry sal word en dat Suid-Afrika in die langtermyn 'n swakker inflasiekoers te wagte kan wees.

Die aankondiging van die Amerikaanse Federale Reserwebank dat rentekoerse vir die eerste keer in sewe jaar met 0,25% verhoog het beteken waarskynlik dat die Suid-Afrikaanse Reserwebank die repokoers moet verhoog om beleggingsfondse in Suid-Afrika te behou. Dit sal die primakoers verhoog wat kredietkaartskuld, oortrokke rekenings en onder meer huislenings duurder sal maak.

Waarna kan ons uitsien in 2016?

Die alternatiewe energiebedryf, soos sonkrag generasie, behoort verder te groei en groot beleggingsgeleenthede word in die sektor verwag. Maatskappye se rompslomp gaan na verwagting uitgeskakel word en dit is onder meer moontlik dat kwartaallike verslaggewing afgeskaf kan word van maatskappye wat op die aandelebeurs genoteer is.

Ondanks die negatiwiteit, groei lande soos Ethiopië, Indië, Demokratiese Republiek van die Kongo en

China steeds teen 5% per jaar. Daar is dus steeds goeie groeivooruitsigte en alles dui daarop dat Suid-Afrika ook vanjaar positiewe groei sal ervaar - bes moontlik eerder na aan 2% pleks van die 1,3% wat die IMF vir Suid-Afrika voorspel.

Hoe word jou belegging by Ecsponent geraak?

Dit is duidelik dat ekonomiese groei beleggings raak. By Ecsponent word risiko tot die minimum beperk deur beleggings oor 'n reeks Suid-Afrikaanse nywerhede en plaaslike en internasionale markte te versprei. Beleggers verdien 'n vaste koers wat nie deur die wisselvalligheid van die JSE of deur 'n spesifieke sektor beïnvloed word nie. Klas C maak boonop voorsiening dat 'n vaste koers aan prima gekoppel word. Dit beteken dat as die repokoers daal of styg, die primakoers ooreenstemmend sal reageer en so ook die belegger se inkomste. Op die manier kan die belegger tred hou met die veranderde rentekoerse. 

